



Kluisenares en Moeder van die Jaar 2015 (Stegodyphus tentoriicola)

Fluweelspinnekoppe (Eresidae) is bedek met 'n fluweelagtige pelsie. Hulle kan of in versamelneste bly soos *Stegodyphus dumicola* of hulle kan alleen bly, soos **Stegodyphus tentoriicola** en *Dresserus colsoni*.



Stegodyphus tentoriicola



Dresserus colsoni



Stegodyphus dumicola

Nog 'n gesamentlike kenmerk is dat hulle in sakvormige buisweb-neste bly met langsaan die redelike groot vangweb.



Teen 'n donker agtergrond lyk die vangweb soos die eerste skryfoefeninge van 'n klas1 leerling:

Boonste lyn: Juffrou het gehelp

Tweede lyn: 'n bietjie gesukkel

Vanaf derde lyn: ...nie meer lus nie

Die vangweb is geweef uit taai kribellaatsy, waaruit die prooi moeilik kan loskom, al probeer dit hoe. Omdat die prooi gewoonlik probeer **losskop**, raak die pote al meer verstrengel in die gepluisde webdrade. As die prooi in die vangnet wikkels om los te kom, kom die spinnekop uit die buisweb, waarin dit skuil en trek die prooi of in die buis in of slegs, as dit te groot is, tot by die ingang, sodat sy gedurende die maaltyd in die buis is en nie gesien kan word nie. Met 'n prooi is die spinnekop redelik lank besig om


dit uit te suig. Dan hoef sy vir eers nie weer gou nuwe kos te kry nie. Sodra sy weer honger word, maak sy snags die stukkende vangweb reg en wag vir die volgende prooi. Soms is die web vertikaal gebou, soms skuins, soms het dit selfs een vertikale en een skuins deel (soos twee bladsye van 'n oop boek).

Sy sal solank alleen in haar sak sit, tot sy 'n geslagsrype besoeker krydie mannetjies blyk dwaalspinnekoppe te wees....die ontvang sy in haar tuiste. Hoe lank hy daar vertoef en/of hy haar dan weer verlaat of opgevreet word, is aan my nie bekend nie. Sy sal dan haar eiers in 'n platterige kokon sit en die kokon bewaak.

Mannetjies is baie kleiner en tingeriger as wyfies



Sy sal dan eiers lê wat in 'n werpskyf-vormige kokon gebêre is. Tot aan haar einde toe bewaak sy eers die kokon, daar is net ene, dan die baba-spinnekoppies.



Wyfie Stegodyphus t. bewaak die eierkokon



gekrimpte wyfie bewaak die nimfies in die nes

Blykbaar voer sy haarself aan haar kleintjies,, nadat sy haar binnegoed laat oplos. Die kleintjies prik haar agterlyf en suig dit uit en daarna gaan hulle versterk en vol lewensmoed die wêreld in.....**inbegrip van moederliefde?**

By die nes met kleintjies wat ek gekry het, het geeneen van die nimfies op of aan haar lyf gesit nie, maar dalk het hulle maar pas eers uit die eiervorm geklim of hulle sit onder die ma (wat ek wel gesien het) en suig van onderkant. Dit blyk of hulle nie van lig hou nie en eerder in die skemerlig/donker sit. Wat ek wel gesien het was, dat die wyfie se grootte aansienlik gekrimp het; sy was nog net die helfte van die

oorspronklike grootte. Die vel toon ook eerste tekens van “verlepteid. Daar was ook nie meer ‘n vangweb nie. Dalk het sy net opgehou vreet (soos spinnekoppe voor vervellings ook maar doen om makliker uit die ou vel te kan kom), want die lewenstaak is amper voltooi.

Twee buiswebbe wat ek ‘n bietjie oopgesny het om te kan sien, het elk ‘n wyfie gehad wat die eierkokon bewaak. Die nessies het ek ietwat toegedruk en weer by die oorspronklike plek opgehang. Ene is nog daar, het die buisweb weer aan die plant vasgeheg, maar **nie ‘n vangweb gebou nie**. Die ander een het **die nes verlaat en een eierkokon met nog eiers in agtergelaat**.

Volgens internet-inligting vat ‘n hele lewensiklus van hierdie soort fluweelspinnekoppe maar ongeveer agtien maande. Toe my aandag deur hulle getrek is, was dit maar vier maande terug, dus blyk hulle nou naby die einde van hulle lewens te wees. Sou die kleintjies dan tussen nou Meimaand en volgende Februaries sover wees om weer te reproduseer?

Inligtingsbronne:

GOGGAgids Die Geleedpotiges Van Suider-Afrika (Erik Holm, Ansie Dippenaar-Schoeman)

Ansie Dippenaar-Schoeman (DANKIE!)

Filmer’s Spiders (Martin R.Filmer revised by Norman Larsen)

www.dailymail.co.uk/Mum-of-the-year-Desert-spider-feeds-herself-to-babies

Foto *Dresserus colsoni*: Uschi v.D. (DANKE!)

Teks en fotos *Stegodyphus tentoriicola*: Anka Eichhoff

April 2017